higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

N580**(A)**(N14)H

NASIONALE SERTIFIKAAT

FINANSIËLE BESTUUR: BOERDERY N4

(4090484)

14 November 2018 (X-Vraestel)
09:00–12:00

Nieprogrameerbare sakrekenaars mag gebruik word.

Hierdie vraestel bestaan uit 10 bladsye.

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
FINANSIËLE BESTUUR: BOERDERY N4
TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae.
2. Lees AL die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Gebruik slegs SWART of BLOU ink.
5. Balansstate en inkomstestate moet elkeen gedoen word op twee teenoorstaande bladsye waar nodig.
6. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

VRAAG 1: DIE PLAASBESTUURSINLIGTINGSTELSEL

1.1 Definieer die term *wetenskaplike plaasbestuur.* (2)

1.2 Om die beste besluit oor aspekte soos vertakkings van produksie, graad van meganisasie ens. te neem, moet die voer inligting oor die plaas hê.

Watter inligting oor die plaas word benodig? (6)

1.3 Vóór boere kan besluit watter inligting hulle moet versamel, moet hulle sekere dinge oor hulle boerderyonderneming weet.

Bespreek DRIE van hierdie dinge. (6)

1.4 Noem VIER hulpstate wat die boer tot sy beskikking moet hê. (4)

1.5 Noem TWEE belangrike aspekte om te oorweeg wanneer die voorraadopname gedoen word. (4)

1.6 Die volgende inligting is beskikbaar vir ’n bate wat gekoop gaan word:

Kosprys van die bate	=	R150 000
Verwagte sloopwaarde van die bate	=	R15 000
Verwagte lewensduur van die bate	=	5 jaar

INSTRUKSIE: Gebruik die reguitlynmetode van depresiasie om die volgende vrae te beantwoord:

1.6.1 Wat sal die jaarlikse depresiasiewaarde van die bate wees? (5)

1.6.2 Wat is die boekwaarde van die bate in sy tweede jaar? (3)

1.6.3 Depresiasie van die bate verminder jaarliks met dieselfde bedrag tot skroot- of sloopwaarde bereik word.

Toon deur middel van berekening hoe sloopwaarde teen die einde van die 5de jaar bereik sal word. Gee AL die stappe. (10)

Kopiereg voorbehou

1.7 KOLOM A in die tabel hier onder is ’n lys boerderybates, en in KOLOM B is ’n aantal riglyne vir die waardasie van bates van ’n boerderyonderneming. Die boer moet die riglyne in KOLOM B gebruik om ’n voorraadlys van die boerderybates in KOLOM A op te stel.
Kies ’n riglyn uit KOLOM B wat pas by ’n bate in KOLOM A. Skryf slegs die letter (A–G) langs die vraagnommer (1.7.1–1.7.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
1.7.1	Ongebruikte saad, kunsmis, veemedisyne	A	vestigingskoste
1.7.2	Geoeste graan en wolskeersels	B	konserwatiewe markwaarde
1.7.3	Suikerrietplantasies	C	laagste van óf die koopprys óf die markprys
1.7.4	Grond	D	kosprys minus die geakkumuleerde depresiasie
1.7.5	Masjinerie en implemente (bates wat verkry is ná opstel van voorraadlys)	E	netto verkoopswaarde
		F	huidige markwaarde
		G	aanvanklike waarde

(5 × 2) (10)
[50]

VRAAG 2: PRODUKSIE- EKONOMIESE BEGINSELS

2.1 Wat dui die produksiefunksie aan? (2)

2.2 Inligting wat van die produksiefunksie verkry is, kan nie alleen gebruik word om die mees winsgewende inset- of produksievlak te bepaal nie.

Gee TWEE bykomende tipes inligting wat verlang kan word. (4)

2.3 In die produksiefunksie, wanneer word maksimum wins bereik? (2)

2.4 'n Inset/insetverhouding het te doen met verskeie kombinasies insette X_1 en X_2, wat dieselfde uitset sal produseer of dieselfde produksie sal realiseer.

Noem die tipe kombinasie wat in elk van die volgende gevalle beskryf word:

2.4.1 As die hoeveelheid van X_1 daal, word meer en meer eenhede van X_2 benodig om een eenheid van inset X_1 te vervang.

2.4.2 Wat inset betref, kan X_1 altyd in dieselfde verhouding met X_2 vervang word om dieselfde produksie te genereer.

2.4.3 Insette word volgens 'n vaste verhouding in die produksieproses gebruik en geen plaasvervanging vind plaas nie.

2.4.4 Soos die hoeveelheid van X_1 styg, moet minder en minder eenhede van X_2 gebruik word om een eenheid inset van X_1 te vervang.

(4 × 2) (8)

2.5 In landbou kom vyf algemene produkte/produkverhoudings gewoonlik voor.

Bespreek die volgende produkte/produkverhoudings deur middel van voorbeelde.

2.5.1 Komplementêre produkte

2.5.2 Aanvullende produkte

2.5.3 Gesamentlike produkte

2.5.4 Antagonistiese produkte

(4 × 3) (12)

Kopiereg voorbehou

2.6 Die volgende tabel is deel van 'n produksiefunksie wat die hoeveelheid stikstof en die hoeveelheid mielie wat geproduseer is, korreleer wanneer alle ander insette en omstandighede dieselfde is.

INSETVLAK FOSFAATTOEDIENING (X) KG/HA	**TOTALE MIELIE-OPBRENGS MIELIE-UITSET (Y) KG/HA**
0	0
10	300
20	820
30	1 150
40	1 310

Aanvaar dat die volgende syfers geld:

Totale vaste koste per hektaar	R400,00
Insetprys (fosfaat) per kg	R5,00
Verkoopprys per kg mielie	R2,50

INSTRUKSIE: Bereken die volgende deur die inligting hier bo te gebruik. Toon ALLE berekeninge en formules.

2.6.1 Die marginale opbrengs as die insetvlak van fosfaat van 0 kg/ha tot 10 kg/ha verhoog word (5)

2.6.2 Die totale veranderlike koste op insetvlak van 30 kg fosfaat per hektaar (4)

2.6.3 Die gemiddelde veranderlike koste van 30 kg fosfaat per hektaar op insetvlak (5)

2.6.4 Die totale koste van 30 kg fosfaat per hektaar op insetvlak (3)

2.6.5 Die gemiddelde totale koste van 30 kg fosfaat per hektaar op insetvlak (5)

[50]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 3: DIE BOERDERYBALANSSTAAT

3.1 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (3.1.1–3.1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

3.1.1 Die plaas se balansstaat weerspieël die finansiële posisie van ’n boerderyonderneming op die laaste dag van die finansiële jaar.

3.1.2 Medium-termyn laste is skuld wat terugbetaalbaar is oor ’n tydperk wat kan wissel van een tot tien jaar.

3.1.3 Netto waarde is die som van die waarde van die bates en die omvang van totale skuld.

3.1.4 Daar word gesê die onderneming is insolvent wanneer die skuld gelyk is aan die waarde van die bates.

3.1.5 Buitelandse kapitaal word verteenwoordig deur die onderneming se skuld plus die waarde van gehuurde grond.

3.1.6 Kapitaalstrukture verwys na die kombinasie van die belang in die bates van die onderneming.

3.1.7 Laste word gegroepeer in lopende laste, mediumtermyn laste, langtermyn laste en totale kapitaal benut.

3.1.8 Netto lopende bates verwys na die verskil tussen die waarde van lopende bates en die langtermyn laste.

3.1.9 Totale kapitaal benut is die som van die waarde van bates en markwaarde van die gehuurde grond.

3.1.10 Totale bates is die som van die waarde van die bates.

(10 × 1) (10)

3.2 Op 31 Desember 2016 was die waarde van die bates en laste van ’n boerderyonderneming soos volg:

BESKRYWING	WAARDE (R)
Kontant in die bank	3 100
Kleinkas	200
Voorraad (grondstof)	31 000
Vooruitbetaalde versekering	1 000
Wol aan die skaap	3 500
Koöperasie heffingsfonds	1 200
Kantoortoerusting	20 000
Tata vragmotor	150 000
Geakkumuleerde depresiasie van beweegbare bates	70 000
Grond besit	1 200 000
Geboue	200 000
Geakkumuleerde depresiasie van grond	20 000
Geakkumuleerde depresiasie van geboue	30 000
Oortrokke rekening by ABSA	25 000
Voorsiening vir inkomstebelasting	6 100
Verbandlening betaalbaar aan Nedbank	1 050 000
Grond gehuur	60 000
Terugbetalingsooreenkoms aan Wesbank vir die vragmotor	10 000

INSTRUKSIE: Gebruik ’n dubbelbladsy in die ANTWOORDBOEK en stel ’n balansstaat op soos op 31 Desember 2016.

NOTA: ’n Punt sal afgetrek word vir elke verkeerde inskrywing. (40)
[50]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 4: DIE BOERDERYINKOMSTESTAAT

4.1 Die volgende finansiële en produksie-inligting word beskikbaar gestel ten opsigte van ’n sekere plaas wat pluimvee teel en gewasse verbou.

BESKRYWING	WAARDE(R)
Plaasprodukte verkoop	
Pluimvee verkoop vir vleis	70 000
Eiers verkoop aan Checkers	350 000
Pluimvee se mis verkoop aan ’n ander plaas	20 000
Mielies vervoer na maalmaatskappy	200 000
Voorraad aan die begin van die jaar	
Eiers wat kuikens produseer	150 000
Verpakking vir eiers	4 000
Diesel	10 000
Voorraad aan die einde van die jaar	
Eiers wat kuikens produseer	250 000
Verpakking vir eiers	3 000
Diesel	4 000
Uitgawes vir die jaar	
Elektrisiteit	60 000
Voertuigonderhoud	30 000
Pluimvee geslag vir arbeiders	15 000
Korttermyn versekering	20 000
Grond gehuur van buurman	9 000
Lone vir permanente arbeiders	70 000
Voer gekoop	130 000
Rente betaal op Landbank lenings	15 000
Kunsmis gekoop	20 000
Diesel gekoop	30 000
Verpakking vir eiers	20 000
Ander inligting verskaf	
Versekering betaal vir gesteelde hoenders	25 000
Pluimveemis gebruik vir gewasse	10 000
Eiers vir eie verbruik	6 000
Eiers vir werknemers se rantsoene	5 000

INSTRUKSIE: Gebruik die bogenoemde inligting en beantwoord die volgende vrae:

4.1	4.1.1	Definieer die term *bruto produksiewaarde* (GPW).	(2)
	4.1.2	Bereken die bruto produksiewaarde van die pluimvee-afdeling.	(11)
	4.1.3	Bereken die bruto produksiewaarde van die gewas-afdeling.	(2)
	4.1.4	Bereken die bruto produksiewaarde van die plaas as geheel.	(2)
4.2		Bereken die verpakkingskoste vir die pluimvee-afdeling.	(5)
4.3		Bereken die dieseluitgawes.	(5)
4.4		Bereken die totale uitgawes vir die plaas: produksie, bemarking en administratief.	(13)
4.5	4.5.1	Verduidelik wat *netto plaasinkomste* (NPI) verteenwoordig.	(2)
	4.5.2	Bereken die netto plaasinkomste vir die onderneming.	(3)
4.6	4.6.1	Verduidelik wat *plaaswins* verteenwoordig.	(2)
	4.6.2	Bereken die plaaswins vir die finansiële jaar.	(3)
			[50]

TOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou